



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Die blinkoog-vis deur Anna Emm

Klein Jan Bam het gaan visvang op die rant van die dam. Sy lyn was skaars in die water, toe vang hy 'n vis! 'n Pragtige blinkoog-vis!

"Vir jou gaan ek braai in die pan!" roep Jan Bam uit. Maar die blinkoog-vis pleit: "Asseblief moet my nie braai nie! Gooi my terug in die water en doen jou goeie daad vir die dag."

"En hoekom sal ek dit doen?" vra Jan Bam. "Ek is dan juis so lus vir vis vandag."

"As jy my teruggooi sal ek vir jou 'n sak vol goue muntstukke gee," sê die blinkoog-vis.

"Nee wat," sê Jan Bam. "Ek is nie erg oor geld nie. En ek is baie lus vir vis vandag."

Die blinkoog-vis dink so 'n bietjie en sê dan: "As jy my teruggooi in die water sal ek vir jou baie maatjies gee – sommer meer as wat jy nog ooit gesien het!"

Maar Jan Bam skud sy kop. "Ek gee nie om om alleen te wees nie," sê hy. "En buitendien, ek is baie lus vir vis vandag."

Die vis probeer 'n laaste keer: "Nou goed," sê hy, "gooi my terug en ek gee vir jou iets wat nog beter is as vis. Ek gee vir jou sjokkolade! 'n Hele hoop sjokkolade!"

Nou dink Jan Bam en hy dink. Hy is mos baie erg oor sjokkolade – soos alle seuntjies. Maar voordat hy kan sê hy sal daarvoor dink, swaai die blinkoog-vis sy lyf met 'n reuse swaai... en daar ruk hy los van die vistok se lyntjie! Met 'n reuse plons val die vis terug in die water, en toe Jan Bam die druppels van sy gesig afgevee het, is daar geen teken van die blinkoog-vis nie.

Hy pak toe maar op, en maak reg om huis toe te gaan. Maar wat sien hy daar - daar agter die stomp langs die water? Hy gaan 'n bietjie nader en sien dis 'n groot sak. Daar is niemand naby nie, en hy maak die sak oop. En kan jy dit glo? Die sak is vol goue munte – nes die vis gesê het!

Ewe skielik wemel dit van die diertjies en dingetjies hier rondom sy voete! Almal kom loer na die goue munte in die sak. Daar is eekhorinkies en voëltjies en hasies, en almal wil nou sy maatjie wees! En hoekom dink jy wou almal so graag sy maatjie wees?

Nee, dit was nie oor die geld dat almal Jan Bam se maatjies wou wees nie. Want dit was toe al die tyd nie regte goue munte in die sak nie, maar sjokkolade-munte in goue papiertjies! En almal is mos baie erg oor sjokkolade! Net blinkoog-visse eet dit nie graag nie.

**Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnEmm.co.za](http://www.AnnEmm.co.za)**

Gratis inkleurprentjie:

Die blinkoog-vis illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

**Nuus uit die kantoor:**

## **Ons het getrek na nuwe kantore!**

Op 25 Julie 2013 het Anna Emm Productions getrek na nuwe kantore in Platteklouf, Kaapstad. Die nuwe kantore het 'n heelwat groter uitstalruimte vir al ons produkte, 'n inkleurhoekie vir die kinders, en ons is ook nou ten volle toegerus vir kredietkaart-verkope!

As jy in Kaapstad-omgewing is, kom maak gerus 'n draai. **Bring hierdie nuusbrieff saam en ontvang enige R80 CD van jou keuse vir slegs R40!** (Slegs een per gesin. Aanbod sluit 31 Augustus.)



**Nuwe ades: Unit 3, Bloomberg House, h/v Silwerboom en Blouleliestraat, Platteklouf**  
(Agter die Spar-sentrum oorkant die Panorama hospitaal)

**Nuwe telefoonnommer: 021 930 0908**